

DIE KERKREGTELIKE POSISIE VAN DIE PROKURASIE-KOMMISSIE IN DIE NEDERDUITSE HERVORMDE OF GEREFORMEerde Kerk

DEUR DRS. S. J. BOTHA

In die jaar 1885 het daar 'n vereniging plaasgevind tussen twee van die drie¹⁾ Hollands-Afrikaanse Kerke in die Zuid-Afrikaansche Republiek, naamlik tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Staatskerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Nederduits Gereformeerde Kerk. Hierdie Kerkvereniging, wat tot 'n groot mate die gevolg was van en beïnvloed is deur die eenheidsbesef of nasional-politieke terrein²⁾, het egter nie die verwagte eenheid op kerklike gebied in die Zuid-Afrikaansche Republiek gebring nie. Die teendeel is eerder waar, aangesien die Kerkvereniging nie alleen op 'n mislukking uitgeloop het nie, maar die verdeeldheid en onenigheid op kerklike terrein selfs vererger is.

Dat die Kerkvereniging nie in die verhewe en idealistiese doel geslaag het om eenheid op kerklike gebied onder Hollands-Afrikaanse ingesetenes van die Zuid-Afrikaansche Republiek te bewerkstellig nie is duidelik. Want nie alleen het slegs twee van die drie Kerke³⁾ deelgeneem aan die Kerkvereniging nie,

¹⁾ Die drie kerke was naamlik die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Staatskerk en ook oorspronklike Kerk van die Voortrekkers, die Gereformeerde Kerk wat in 1859 onder ds. Dirk Postma van die Staatskerk afgeskei het en dan die Nederduits Gereformeerde Kerk wat in 1866 van die Staatskerk afgeskei het onder ds. Frans Lion Cachet. Vgl. S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, Derde Druk, Kaapstad — Pretoria 1953, bls. 141-166 en bls. 191-226.

²⁾ Die politieke gebeure in Transvaal tussen die jare 1877 en 1881, naamlik die annexasie van Transvaal deur Shepstone en die daaropvolgende Eerste Vryheidsoorlog, het 'n baie sterk nasional-politieke eenheidsbesef onder die inwoners van die Zuid-Afrikaansche Republiek laat posvat. Baie het gemeen dat hierdie Politieke eenheid gevolg moes word deur kerklike eenheid en van die Boereleiers het daarom selfs gepleit vir 'n vereniging van die drie Hollands-Afrikaanse Kerke. Sien A. D. Pont, *Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835-1892*, Utrecht 1955, bls. 134-135 en A. D. Pont, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Waterberg 1865-1965*, Krugersdorp 1965, bls. 32. Iemand soos Paul Kruger, die latere Staatspresident het egter reeds in 1881 bedenkinge gekoester oor die voorgenome Kerkvereniging. Vgl. in hierdie verband S. P. Engelbrecht, a.w. bls. 285.

³⁾ Hoewel die Gereformeerde Kerk ook uitgenooi was om oor Kerkvereniging te onderhandel het hulle nie meegedoen nie. Vgl. vir hulle siening en optrede in verband met die Kerkvereniging: „Notulen van de Zitting der Verenigde Commissiën van de Ned. Herv. en Ned. Geref. Kerken in die Z.A. Republiek, inzake kerkvereniging, gehouden te Pretoria, op Dinsdag 31 Oktober 1881,” Pretoria, z.j. Blz. 3-4 en blz. 53-54. asook J. P. Jooste, *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959*, Potchefstroom 1959, bls. 194 vv.

maar ook het 'n baie groot deel van die Nederduitsch Hervormde Kerk nie met die Kerkvereniging meegegaan nie, terwyl die grootste gedeelte van die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat wel met die Kerkvereniging saamgegaan het uiteindelik weer die verenigde Kerk verlaat het om terug te keer na die Nederduitsch Hervormde Kerk.⁴⁾ Onder hierdie laasgenoemde groep het die oorgrote meerderheid nie direk teruggekeer tot die Nederduitsch Hervormde Kerk⁵⁾ nie, maar het hulle eers onder die Prokurasie-Kommissie uit die verenigde Kerk uitgetree en hulle georganiseer as Nederduitsch Hervormde Gemeentes onder die Prokurasie-Kommissie om weer in 1894 tot die Nederduitsch Hervormde Kerk toe te tree.⁶⁾

Voordat die optrede en reg van bestaan van hierdie Prokurasie-Kommissie binne die verenigde Kerk van nader besien word, is dit nodig om eers kortliks die voorgeschiedenis van die Kerkvereniging na te gaan asook die gebeure wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die Prokurasie-Kommissie.

Die eerste geleentheid waar amptelik oor Kerkvereniging gehandel is, was tydens die sitting van die twintigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die jaar 1879. By hierdie geleentheid het ds. H. S. Bosman⁷⁾ van Pretoria die saak te berde gebring. Hy was skynbaar haastig om die saak verder te voer en het daarom voorgestel dat 'n kommissie bestaande uit twee predikante en twee ouderlinge uit die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk gekies moes word om 'n soortgelyke kommissie uit die Ne-

⁴⁾ Blybaar het minder as een derde deel van die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat wel met die Kerkvereniging meegegaan het, by die Verenigde Kerk gebly. A. D. Pont, *Waterberg*, bls. 58.

⁵⁾ Dit is die Ned. Herv. Kerk soos voortgesit deur die konsolentsgemeente van Pretoria asook lidmate uit verskillende ander gemeentes wat heeltemal buite die Kerkvereniging gebly het en gesien moet word as die enigste wettige voortsetting van die oorspronklike Nederduitsch Hervormde Kerk. Vgl. hier die uitspraak van Hoofregter J. G. Kotzé in die sogenaamde Trichardtsfontein Kerksaak van 5 Junie 1893. Sien S. J. Botha, *Ontleding van die Kerksaak van Trichardsfontein 1893*. Artikel in die Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 17, Aflewing 1, bls. 16, veral voetnoot 143.

⁶⁾ Sien N.H.K. Argief, *Notulen gehouden door een gecombineerde Vergadering van afgevaardigde Commissiën van de Ned. Hervormde Kerk gemeentes van het Zuid-Afr. Republiek*, 12 Januarie 1894, asook S. P. Engelbrecht, a.w., bls. 352.

⁷⁾ Sien oor ds. H. S. Bosman, S. P. Engelbrecht, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria 1855-1955*, Pretoria 1955, Bls. 47 v.v.; asook S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, Bls. 265, 274 en 293.

derduits Gereformeerde Kerk te ontmoet „ten einde duidelik te laten uitkomen, welke de geschilpunten zijn tusshen deser twee kerkgenootschappen . . . ”⁸⁾

Ds. Bosman se voorstel het nie deurgegaan nie en daarop het die skriba van die Algemene Kerkvergadering Ds. N. J. van Warmelo,⁹⁾ 'n prinsipeel meer korrekte voorstel ingedien naamlik:

„De Algemene Kerkvergadering zet de deuren der Kerk wijd open voor elkeen, die in de Hervormde Kerk wil inkomen.”¹⁰⁾

Gesien die feit dat die Nederduits Gereformeerde Kerk 'n afgeskeie kerk was, wat juis van die Nederduitsch Hervormde Kerk afgeskei het, kon daar in werklikheid alleen sprake wees van die heropname van die afgeskeie en nie van Kerkvereniging waar twee selfstandig naasmekaar bestaande Kerke met mekaar verenig nie.¹¹⁾

Hierdie voorstel van Ds. Van Warmelo is egter ook met 'n klein meerderheid verwerp. Die voorstel wat wel met meerderheid van stemme deur die Algemene Kerkvergadering aangegeneem is, was die volgende:

„Deze vergadering spreekt in antwoord op de vraag van den predikant van Pretoria als haar gevoelen uit: de Vereniging tuschen de Ned. Herv. en de Ned. Geref. Kerken wordt beschouwdt als wenschelijk, en aangezien de vergadering bij monde van den Predikant van Pretoria heeft vernomen, dat de Ned. Geref. Kerk dit ook als wenschelijk beschouwdt, zoo worde dese onze wensch officieel aan de Ned. Geref. Kerk meegedeeld, met het doel om van hare zijde eene toenaderen af te wachten.”¹²⁾

Hiermee was die gedagte van Kerkvereniging op sinodale vlak geloods, maar ongelukkig is dit die enigste vlak waarop dit sou bly. Aan die onderskeie gemeentes is nooit die geleentheid gegee om hulle oor die aangeleentheid van Kerkvereniging uit te spreek nie.¹³⁾ Toé uiteindelik wel met die saak van Kerkver

⁸⁾ N.H.K. argief. Notulen van de Algemene Kerkvergadering van de Nederduitsch Hervormde Kerk, 3 November 1879 e.v.d., blz. 14.

⁹⁾ Sien oor ds. Van Warmelo. A. D. Pont. Nicolaas Jacobus Van Warmelo 1835-1892.

¹⁰⁾ N.H.K. argief. Notulen Algemene Kerkvergadering 1879, blz. 14.

¹¹⁾ A. D. Pont, Waterberg, bls. 50.

¹²⁾ N.H.K. argief, Notulen Algemeene Kerkvergadering 1879, blz. 15.

¹³⁾ Vgl. hier M. J. Goddefroy. De Kerkwestie, niet een leer — maar een levenskwestie, „S-Gravenhage, z.j., Tweede Druk, Blz. 55.

eniging na die gemeentes gegaan is, was dit nie om aan die gemeentes die geleenheid te gee om hulle oor die saak uit te spreek nie, maar eerder om die gemeentes voor die voldonge feit te stel dat die saak op sinodale vlak deurgevoer is en die vereniging tussen die twee Kerke kant en klaar gefinaliseer was. Die gemeentes is as dit ware in die Kerkvereniging ingedwing. Hiermee het die Algemene Kerkvergaderings van beide Kerke hulle magte totaal oorskry en moes die wêreldhof, by toetsing van die saak, die uitspraak gee dat die Kerkvereniging inderdaad **ultra vires** was.¹⁴⁾

Op die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van November 1881 is weer oor Kerkvereniging gehandel. By daardie geleenheid was daar 'n skrywe van die skriba van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Gereformeerde Kerk ter tafel waarin voorgestel is dat uit elkeen van die drie Hollands-Afrikaanse Kerke 'n kommissie van sewe lede, twee predikante en vyf ouderlinge, gekies moes word om mekaar te ontmoet om oor Kerkvereniging te handel. Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het hiermee akkoord gegaan en 'n kommissie van sewe man gekies met Di. N. J. van Warmelo en D. P. Ackermann as predikantelede.¹⁵⁾ Ds. H. S. Bosman het as „wenk” vir die kommissie die volgende aan die hand gedoen:

1. „Dat hy den naam van de Kerk niet wil veranderen.
2. „Dat men los moet zijn van het gezag der Synode van de Ned. Geref. Kerk in de Kaapkolonie; alleen een broederband moet blijven bestaan.
3. „Wij willen niet weten van gelykstelling; aan het werk van een zendeling, om te arbeiden als een predikant in eene blanke gemeente kan in onze Verenigde kerk niet worden gedacht.”¹⁶⁾

Die twee Verenigingskommissies uit die Nederduitsch Hervormde en Nederduits Gereformeerde Kerke, wat op 31 Oktober 1882, met hulle samesprekings oor Kerkvereniging begin het, het hierdie drie punte as die offisiële standpunt van die Nederduitsch Hervormde Kerk gesien.¹⁷⁾ Van die kant van die Nederduits

¹⁴⁾ Vgl. S. J. Botha, a.w., bls. 14 v.v.

¹⁵⁾ Die Algemene Vergadering het ook aan die skriba van die Nederduits Gereformeerde Kerk laat weet dat hulle nie bewus is van 'n soortgelyke kommissie uit die Gereformeerde Kerk nie. Vgl. N.H.K. argief, Notulen der Algemene Kerkvergadering van de Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal, 28 November 1881, Potchefstroom 1881, blz 29.

¹⁶⁾ N.H.K. argief, Notulen Algemene Kerkvergadering 1881, blz. 33.

¹⁷⁾ N.H.K. argief, Notulen Verenigde Commissien, blz. 22 v.v.

Gereformeerde Kerk is gestel dat hierdie drie punte van onder geskikte belang is en dat eers oor die leer gehandel moes word.¹⁸⁾ Die kommissie van die Nederduitsch Hervormde Kerk het hieruit gekonkludeer dat die Nederduits Gereformeerde Kommissie met die genoemde drie punte sou instem, waарoor hulle hul blydskap uitgespreek het.¹⁹⁾

Inderdaad was daar, wat die leer aanbetref nie veel moeilikhede nie, aangesien beide Kerke dieselfde Belydenisskrifte gehad het. Wat die genoemde drie punte aanbetref, het dit later geblyk dat hulle ten onregte deur die Kommissies as van ondergeskikte belang beskou is, aangesien dit juis oor hierdie punte is waar ernstige verskille bestaan het en waar talle probleme opgeduiк het wat selfs gedreig het om die onderhandelinge in verband met Kerkvereniging te laat misluk.²⁰⁾ Later het ds. N. J. van Warmelo hieroor gesê:

„Toen de leer vasgesteld was, was de weg tot vereniging gemaklik gemaakt. Toen sprake men over den naam, en een storm ontstand.”²¹⁾

Tog het die Kommissies, ten spyte van die verskille gemeen om voort te gaan met hulle onderhandelings; soos ds. Van Warmelo dit later ook gestel het:

„Uit elkander gaan konden wij niet, de Voorzienigheid had ons één weg aangewezen.”²²⁾

Maar juis hier het die twee Kommissies nou nie met die nodige verantwoordelikheid opgetree nie. Indien die Kommissies hier anders opgetree het, kon die resultaat van hulle onderhandelings dalk anders gewees het en kon veel van die bitterheid en verdeeldheid op kerklike gebied wat later sou volg, voorkom gewees het. In plaas daarvan dat die Kommissies die verskille duidelik onder oë gesien het en dit deurgepraat het, het hulle eenvoudig hulle oë gesluit vir die ernstige en diepgaande verskille wat bestaan het en het hulle 'n uitweg gesoek uit die moeilikhede deur allerlei kompromisbesluite.²³⁾ Dit het beteken dat die Kerkvereniging gebou is op die basis van wankelrige kompromisbesluite wat noodwendig daartoe moes lei dat die verskille later opgehaal sou word en sou bydra tot die vernietiging van die Kerkvereniging.

¹⁸⁾ N.H.K. argief, Notulen Verenigde Commissien, blz. 5.

¹⁹⁾ S. P. Engelbrecht, Geskiedenis, bls. 285.

²⁰⁾ N.H.K. argief, Notulen der Verenigde Commissien, blz. 29 v.v., A. D. Pont, Van Warmelo, bls. 140-148.

²¹⁾ Notulen der Algemeene Kerkvergadering na de Ned. Herv. of Geref. Kerk, 1888, blz. 69.

²²⁾ Notulen Algemeene Kerkvergadering Ned. Herv. of Geref Kerk 1888, blz. 69.

²³⁾ S. P. Engelbrecht, Geskiedenis, bls. 285.

In plaas daarvan dat die „storm”, waarvan ds. Van Warmelo gepraat het, die geleentheid gegee is om uit te woed, is die „storm” deur allerlei, kompromië teegehou, blykbaar met die hoop dat dit sou bedaar.²⁴⁾ In werklikheid egter het dit net opgelaai en het later met veller woede uitgebars, met noodlottige gevolge vir die eenheid op Kerklike terrein in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Deur 'n swak fondament te lê, het die Kommisies die pad gebaan vir die latere ineenstorting van die gebou²⁵⁾

Van al drie die punte van die Nederduitsch Hervormde Kerk is afgewyk. Dit was belangrike oorsake waarom baie van die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk buite die Vereniging gebly het of weer uitgetree het.²⁶⁾

Die notules van die Verenigingskommissies het wel as 'n rapport voor die Algemene Kerkvergaderings van die twee verenigde Kerke gedien en is as basis of grondwet²⁷⁾ van die Kerkvereniging gesien.²⁸⁾ Daar was egter 'n baie groot verskil in benadering van die rapport deur die twee Algemene Kerkvergaderings. Anders as die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat die rapport uiters argeloos en oppervlakkig benader het, het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Gereformeerde Kerk die rapport noukeurig bespreek en is daar deeglik op elke punt van die rapport ingegaan.

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het byvoorbeeld, by sy sitting van 27 November 1881, sonder dat die lede van die vergadering behoorlik ingelig was, besluit om die rapport van die Verenigingskommissie „bij acclamatie en zonder discussie” goed te keur.²⁹⁾ Hierteenoor

-
- ²⁴⁾ Ds. Van Warmelo het dit so gestel: „. . . dat de vereniging langzamerhand zou werken onder de gemeente: dat dan de naam geen struikelblok meer zou zijn. . . ” Sien **Notulen Algemene Kerkvergadering Ned. Herv. of Geref. Kerk 1888**, blz. 69.
- ²⁵⁾ Prof. Engelbrecht verwyt byvoorbeeld die Kommissie van die Ned. Herv. Kerk dat hulle argeloos en te toegewend was. S. P. Engelbrecht, **Geschiedenis**, bls. 287. Vgl. bv.
- ²⁶⁾ Vgl. bv. Witfontein se beweegredes waarom hulle buite die Kerkvereniging gebly het. S. P. Engelbrecht, **Geschiedenis**, Bls. 302-326.
- ²⁷⁾ Hierdie woord is in 1888 deur ds. Van Warmelo gebruik in sy toespraak voor die Algemene Kerkvergadering van die Verenigde Kerk. Sien **Notulen Algemene Kerkvergadering van de Ned. Herv. of Geref. Kerk 1888**, blz. 73 v.v.
- ²⁸⁾ Die Algemene Kerkvergaderings van beide Kerke het elkeen twee sittings gehad waaroor die rapport gehandel kon word voordat die Kerkvereniging gefinaliseer is. Sien S. P. Engelbrecht, **Geschiedenis**, bls. 290-300.
- ²⁹⁾ So het ds. De Vries van Zeerust, wat die voorstel tot goedkeuring van die rapport ingedien het, byvoorbeeld self verklaar dat al wat hy van die Verenigingskommissie se werkzaamhede geweet het, is wat hy in die koerante gelees het terwyl hy op pad was na Pretoria. S. P. Engelbrecht, **Geschiedenis**, bls. 291 asook **Notulen der Algemene Kerkvergadering, November 1882**, blz. 5

het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Maart 1883, wel die rapport van die Verenigingskommissies aanvaar, maar hulle het eers deeglik op elke punt ingegaan en eers vasgestel hoe sommige punte uitgelê en toegepas moes word.³⁰⁾

Beide Algemene Kerkvergaderings van albei Kerke, maar veral die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk, het net soos die Verenigingskommissies eenvoudig hulle oë gesluit vir die verskille wat bestaan het en het voortgegaan om langs die weg van kompromisbesluite te bou aan die Kerkvereniging. Op die manier is al die struikelblokke uit die weg geruim en kon die Kerkvereniging in 1885 plaasvind.³¹⁾

Hoewel daar verskillende memories voor die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1885 gedien het met die versoek dat die benaming **Nederduitsch Hervormd** behou moes word, is daar baie min aandag aan hierdie memories gegee en is hulle as óf te vroeg óf te laat bestempel³²⁾. Dat ook hierdie memories nie die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk kon beweeg om 'n duideliker en sterker standpunt, ten opsigte van veral die naam van die verenigde Kerk, in te neem nie, het die voorgenome Kerkvereniging by baie lidmate al meer onder verdenking geplaas en het sodat al meer laat twyfel aan die wenslikheid van die Kerkvereniging sodat hulle uiteindelik tog nie met die Kerkvereniging meegegaan het nie.³³⁾

'n Groot aantal van die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk het egter wel met die Kerkvereniging meegegaan. Spoedig het dit vir baie van hulle duidelik geword dat die verenigde Kerk in 'n geheel ander rigting ontwikkel het as wat hulle gemeen het. Dit het duidelik begin word dat dit nie voortsetting sou wees van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat die grootste van die verenigde Kerke was nie. Die teendeel het al duideliker geword, naamlik dat die verenigde Kerk eerder 'n voortsetting van die Nederduits Gereformeerde Kerk was. Hiermee was baie van die lidmate wat verenig het ontevrede, terwyl

³⁰⁾ In hierdie verband kan gewys word op die feit dat hulle die voorstelle van die Verenigingskommissies in sake legitimasie verwerp het en hulle eie voorstelle gemaak het. Sien S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 292 v.v.

³¹⁾ A. D. Pont, *Waterberg*, bls. 52.

³²⁾ Sien S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 297-298 en M. J. Goddefroy, a.w., blz. 50.

³³⁾ Vgl. hier byvoorbeeld die optrede van die Konsulentsgemeente van Pretoria. Hierdie lidmate wat nie verenig het nie, het hulself ten regte beskou as die wettige voortsetting van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Vgl. S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 302 v.v. en S. J.

hulle al hoe meer ontuis gevoel het vanweë talle „nuwighede” soos onder ander bidure en sankey-liedere.³⁴⁾

Party van hierdie lidmate het nou sonder versuim die Verenigde Kerk bedank,³⁵⁾ terwyl ander hulle regte probeer beskerm het deur aan die Algemene Kerkvergadering van die verenigde Kerk van Mei 1886 te vra dat die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk ook die Wet van die verenigde Kerk sal wees.³⁶⁾ Daarmee het hulle gepoog om die verenigde Kerk tog nog in 'n Hervormde rigting te laat beweeg, egter sonder enige sukses.

Gaandeweg het die ontevredenheid toegeneem en het in 1889, met die vasstelling van die naam van die Verenigde Kerk as „Nederduits Hervormd of Gereformeerd”, 'n hoogtepunt bereik en toe was dit ook duidelik dat die Kerkvereniging op die rotse gaan loop en dat 'n botsing onvermydelik was.³⁷⁾

'n Groot aantal persone wat ontevrede was met die verloop van die Kerkvereniging en die vasstelling van die naam van die verenigde Kerk, het nou proteste ingedien by die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Mei 1890. Die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. of Geref. Kerk het egter hierdie proteste van die hand gewys en gestel dat die naamvasstelling 'n afgedane saak

³⁴⁾ Botha, a.w., bls. 14 v.v.

³⁵⁾ S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 327 v.v. Vgl. ook dié sake waarna G. D. Scholtz verwys wat ontevredenheid by die oud-lidmate van die Ned. Hervormde Kerk opgewek het. G. D. Scholtz, *Die Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1885-1910*, Kaapstad — Pretoria, s.j. bls. 74 v.v.

³⁶⁾ By die Algemene Vergadering van die Verenigde Kerk van Mei 1886 het 26 persone uit Rustenburg reeds hulle bedanking as lidmate van die verenigde Kerk ingedien. Sien *Notulen der Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Mei 1886*, Kaapstad 1886, blz. 67.

³⁷⁾ In Mei 1886 het 211 persone uit Rustenburg sodanige versoek aan die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. of Geref Kerk gerig. Sien *Notulen Algemene Kerkvergadering Ned. Herv. of Geref. Kerk 1886*, blz. 67.

³⁸⁾ Voor hierdie Algemene Kerkvergadering het reeds 'n memorie uit Standerton gedien, ingestuur deur die heer G. J. Engelbrecht en 39 andere, waarin versoek is dat die vereniging verbreek moes word. S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 333.

was en dat die eiendomme van die verenigende Kerk getransporteer sou word op naam van die verenigde Kerk.³⁶⁾

Reaksie op hierdie besluite van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het nie uitgebly nie. In Pretoria en Potchefstroom het 'n aantal lidmate 'n bevel by die Hooggereghof aangevra om te verhinder dat die verenigde Kerk die eiendomme van die Nederduitsch Hervormde Kerk op naam van die verenigde Kerk sou transporteer. Hoewel die Hof nie so 'n bevel wou uitreik nie, het die Hof tog beslis dat die eiendomme van die Nederduitsch Hervormde Gemeentes alleen op 'n ander naam getransporteer kan word indien die Nederduitsch Hervormde Gemeentes self daartoe toestemming verleen het.³⁸⁾

Na die besluite van die Algemene Kerkvergadering oor die naam van die verenigde Kerk en oor die eiendomme van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Mei 1890, het „de protestrende en verongelijkte partij“ hulle verplig gevoel om verdere stappe te neem.⁴⁰⁾ In Julie 1890 is onder leiding van die heer A. D. W. Wolmarans 'n kommissie gevorm, wat prokurasies opgestel en vir ondertekening uitgestuur het. Die prokurasies het as volg gelui:

³⁶⁾ Die proteste het in hoofsaak die volgende gronde bevat: 1. Dat de A.G.V. van 1889 met die naamvasstelling het recht in Onrecht had verkeerd. 2. Dat de A.G.V. sich een recht had aangemagtg. dat haar niet toekwam, maar aan die gemeenten behoorde. 3. Dat de A.V. de oorzaak was, dat er onrechtvaardige stappen werden genomen, om goederen, behorende aan de Herv. Kerk, te transporter op naam van die verenigde Kerk. 4. Dat de A.V. handelde in strijd met recht en wet en selfs in strijd met die landwetten. 5. Dat door de A.V. in 1885 een kommissierapport werd goedgekeurd, over vereniging, sonder die gemeenten daarover die gelegenheid te geven te beslissen. 6. Dat daar een zoogenaamde meerderheid van uitgebrachte stemmen beslist word dat die naam den Kerk zou zijn „Ned. Herv of Gereformeer.“ Tenslotte werd er geproteste tegen elke poging, die werd of word aangewend om kerklike goederen ten name der Herv. Kerk over te breng op een andere naam.“ Sien A. D. W. Wolmarans, *Kerkhistoriese Felten*, Pretoria-Amsterdam, z.i. blz. 20 v.v.. Die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. of Geref Kerk het 'n kommissie benoem om op die proteste in te gaan en die Vergadering van advies te hieden. Daaron het die Vergadering die proteste verwerp. *Notulen der Algemene Kerkvergadering van de Ned. Herv of Geref Kerk*, Mei 1890, blz. 110-114.

³⁸⁾ In die geval van Pretoria was die uitspraak as volg: „The court set the rule nisi aside, with costs, upon the ground that either the Hervormde Kerkraad agreed to the transfer, in which case applicants must apply for an interdict against their „Kerkraad“, or if it did not agree, then there is no ground for an interdict, because applicants are in no charges. Further the allegations are insufficient. There is nou allegation that the Hervormde Kerkraad“ (without more) has any power to give transfer.“ Sien S. H. Barket en W. A. Macfadven, *Reports of Cases Decided in the Supreme Court of the South African Republic, January 1887 to December 1890*, Johannesburg etc. 1903, P. 225.

⁴⁰⁾ A. D. W. Wolmarans, a.w., blz. 23.

„Wij de ondergetekenden respectievelijk Kerkeraden en leden der Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek benoemen en stellen hiermede aan de Wel-Edele Heeren N. M. S. Prinsloo, ouderling; M. J. Wolmarans, idem; H. C. Visser, A. D. W. Wolmarans, J. J. Breytenbach, H. J. H. Glas, Gert van Deventer, J. T. Maartens, J. H. Delarey, P. L. Bezuidenhout, M. C. Rijkaard, J. J. H. Wolmarans, G. J. Engelbrecht om namens ons al onze belangen, hoe ook genaamd te behartigen aangaande onze rechten in en tot de eigendommen der Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek en verder onze rechten en belangen te behartigen in en aangaande de Vereniging der Ned. Herv. Kerk en Ned. Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afr. Republiek, en alle zoodanige stappen te nemen, zoowel in als buiten de Hoven dezer Republiek indien vereischt gezegde vereeniging te ontbinden of ter zijde te zetten, met macht aan bovengenoemde Heeren en of meer personen aan hom toe te voegen om voormelde last ten uitvoer te brengen, ten voorschijn, zoowel eischende als verwerende in hooger beroep te komen, rechterlijke machtigingen te vragen, Agenten en Procureurs te benoemen, benoodigde akten en stukken te doen maken, te betekenen en te doen tekenen, en in het algemeen datgene te doen wat vereisch wordt; alles met de macht van plaatsbekleiding, belofte van goedkeuring, schadeloosstelling en een billijke belooning in verband als rechten.”⁴¹⁾

By ontvangs van die getekende Prokurasies uit verskillende distrikte, het genoemde here op 29 Augustus 1890 as Prokurasie-Kommisie gekonstitueer met N. M. S. Prinsloo as voorzitter en A. D. W. Wolmarans as sekretaris.⁴²⁾ Onmiddellik na konstituering het die Prokurasiekommisie met sy werkzaamhede begin en besluit om 'n brief aan die Kerkraad van die Ned. Herv.

⁴¹⁾ 'n Groot aantal van die oorspronklike Prokurasies berus in die N.H.K. argief onder die dokumente van die Prokurasie-Kommisie. In A. D. W. Wolmarans se Kerkhistoriese Feiten, blz. 23, word die naam van J. H. Delarey weggelaat. Later is J. C. Esterhuizen as lid van die Kommisie gekoöpteer, terwyl G. J. Engelbrecht in Desember 1891 bedank het as lid van die Kommisie aangesien hy weer by die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Standerton, onder Konsulentkap van ds. M. J. Goddefroy, aangesluit en daar as ouderling gekies is. Vgl. N.H.K. argief, Notulen van de Procuratie-Commissie in hare zitting van Vrydag 9 Januarie 1891, soos gepubliseer in De Volkstem van 16 Januarie 1891. N.H.K. argief, Brief van G. J. Engelbrecht aan die Prokurasie-Kommisie, gedateer 21 Desember 1891, onder die dokumente van die Prokurasie-Kommisie.

⁴²⁾ N.H.K. argief, Notulen van de Bitting der Commissie door de lidmaten der Ned. Herv. Kerken in de Z.A. Republiek daartoe aangesteld bij spesiale Procuraties, zitting houdende op heden den 29 en Augustus 1890, Gepubliseer in De Volkstem van 18 September 1890.

of Geref. Gemeente Potchefstroom te rig waarin onder andere voorgestel is:⁴³⁾

„Om Liever broederlijk uit elkander te gaan, zooals wij bij elkander gekomen zijn, opdat elke gemeente zijn wettige eigendommen moge behouden.”

Die Kerkraad van die Ned. Herv. of Geref. gemeente het gevoel dat hulle die saak na 'n meerder vergadering moes verwys en het so aan die Prokurasie-Kommisie kennis gegee. By ontvangst van hierdie antwoord het die Prokurasie-Kommisie die volgende besluit geneem:⁴⁴⁾

„Besluit der vergadering van de commissie, vertegenwoordigende de lidmaten der Ned. Herv. gemeenten van Potchefstroom en elders in de Zuid-Afrikaansche Republiek, den 30 sten Augustus 1890, te Potchefstroom, te zamen gekomen in tegenwoordigheid van vele leden der Ned. Hervormde Gemeente alhier.

„De Commissie overwegende dat, overeenkomstig Art. 3 van de wetten en bepalingen der Ned. Hervormde Kerk in de Z.A. Republiek, van 1869. Alle lidmaten blijven behooren tot de Ned. Hervormde Kerk, zoolang zij niet door woord of daad ten duidelijkste toonen van hare afscheiding, of zoolang zij zich der kerkelijke gemeenschap niet hebben onwaardig gemaakt.

„Overwegende, dat zij alleen als lidmaten, tegenover het zich van de Ned. Hervormde Kerk afscheidende Kerkbestuur zijn trouw gebleven aan de Kerk hunner vaderen.

„Overwegend, dat het duidelijk is gebleken, dat de hogere kerk besturen niet hebben voldaan aan hunne roeping, om zorg te dragen voor de belangen der Ned. Hervormde Gemeente.

„Overwegende, dat de Algemeene Kerkvergadering, na het daarstellen van een nieuwe Kerk met een neuen naam en nieuwe wetten, nu ook tracht het lidmaatschap der Gemeente, zowel als de kerkelijke eigendommen over te brengen op een anderen naam en op een andere Kerk.

„Overwegende, dat de lidmaten aan niemand daartoe enige machting of mandaat hebben gegeven, en het recht daartoe ook niet voortvloeit uit eenig artikel der wetten en bepalingen der Ned. Hervormde Kerk voornoemd.

„Overwegende, dat de Gemeente ge protesteerd heeft tegen

⁴³⁾ Hulle het eerste te Potchefstroom opgetree omdat die meerderheid van die lede van die Prokurasie-Kommisie self uit Potchefstroom was en omdat prokurasies met 914 handtekeninge uit Potchefstroom ontvang is. Sien S. P. Engelbrecht. Geskiedenis, bls. 335 en Brief van die Prokurasie-Kommisie aan die Kerkraad van die Ned. Herv. of Geref. gemeente Potchefstroom. De Volkstem, 18 Sep. 1890.

⁴⁴⁾ N.H.K. argief. Notulen Procuratie-Commissie, De Volkstem, 18 September 1890.

het overbrengen van kerkelijke eingendommen op eenigen anderen naam of op eenig ander genootschap.

„Besluit namens de Hervormde Gemeente van Potchefstroom:

- 1 Te verklaren, dat al de hier geteekende 914 lidmaten, zijnde personen, krachtens art. 3 van de wetten en bepalingen voor de Ned. Hervormde Kerk in de Z.A. Republiek vasgesteld op de Algemeene Vergadering te Heidelberg, op den 20sten November 1869, zijn en blijven lidmaten van de Ned. Hervormde Kerk voornoemd.
2. Aan de Commissie der Algemeene Vergadering van de Ned. Hervormde of Gereformeerde Kerk kennis te geven namens de Hervormde gemeenten van Potchefstroom, dat zij zich met genoemde Gemeente niet gebonden acht, aan het nieuwe kerkgenootschap, zich noemende Ned. Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Z.A. Republiek, door de kerkbesturen in het leven geroepen, en evenmin aan besluiten, genomen door hogere besturen van bovengenoemde nieuwe Kerk.
3. De tegenwoordige leden van den kerkraad, zoowel als den Predikant C. W. du Toit en hunne respectieve ambten te zullen blijven erkennen, indien deze door schriftelijk antwoord te kennen geven dat zij bereid zijn sich aan dit besluit te onderwerpen, en als zoodanig met de Hervormde Gemeente samen te zullen werken, en daarmede tekennen gevende dat zij zich bereid verklaren de wetten en bepalingen der Ned. Hervormde Kerk, vastgesteld den 29sten November 1869 en volgende dagen voortaan stipt te zullen handhaven.

„Om namens de Hervormde Gemeente van Potchefstroom aanspraak te maken op alle eigendommen, behoorende aan en tot genoemde Hervormde Gemeente, en trachten zullen dezelfde in bezit te krijgen.”

Ds. C. W. du Toit en 'n aantal Kerkraadslede het skriftelik geantwoord op die oproep op hulle dat hulle by die Nederduitsch Hervormde Gemeente te bly. Orige vakatures wat op die Kerkraad bestaan het is op 'n gemeentevergadering van 2 Oktober 1890 aangevul en op 4 Oktōber 1890 het die Prokurasie-Kommissie formeel die bestuur van hierdie gemeente in die hande van die Kerkraad gestel.⁴⁵⁾

⁴⁵⁾ N.H.K. Argief, Notulen Procuratie-Commissie, 29 Augustus 1890, De Volkstem 18 September 1890. Hierdie wyse van optrede was ooreenkomsdig die doel van die Prokurasie-Kommissie om eers die gemeente te reorganiseer en sodra kerkraadslede gekies en bevestig is terug te tree. Vgl. A. D. W. Wolmarans, a.w., blz. 24. S. P. Engelbrecht, Geskiedenis, bls. 342.

Dit het dus beteken dat te Potchefstroom die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat wel met die Kerkvereniging saamgegaan het, nou weer onder leiding van die Prokurasie-Kommissie uit die verenigde Kerk uitgetree het en as Nederduitsch Hervormde Gemeente onder die Nederduitsch Hervormde Kerkwet van 1869 gereorganiseer is.⁴⁶⁾ Ook te Pretoria en ander plekke het die Prokurasie-Kommissie op dieselfde manier te werk gegaan en Nederduitsch Hervormde Gemeentes georganiseer.⁴⁷⁾

Uit voorgaande is dit duidelik hoe die Prokurasie-Kommissie die Kerkvereniging gesien het. Hulle het naamlik die Kerkvereniging as voorlopig beskou totdat die naam van die Kerk vastgestel was en dat die naam van die Verenigde Kerk óf Nederduitsch Hervormd óf Nederduits Gereformeer moes wees.⁴⁸⁾ Afwyking hiervan is gesien as verbreking van die grondslae van die vereniging en dit het beteken dat die vereniging tot niet was.⁴⁹⁾

Verder het die Prokurasie-Kommissie dit nie so verstaan dat die twee verenigde Kerke se bestaan as selfstandige Kerke deur die vereniging opgehef is en die Verenigde Kerk so 'n nuwe Kerk was wat tot stand gekom het nie. Hulle het egter wel vasstelling van die naam van die verenigde Kerk as „Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk” gesien as die tot stand bring van 'n nuwe Kerk met 'n nuwe naam en met nuwe wette waartoe die lidmate geen mandaat of magtiging gegee het nie. Hulle het dus die saak so gesien dat die verenigde Kerk tot en met die naamvasstelling as „Nederduits Hervormde of Gereformeerde” voortsetting was van die twee deelnemende Kerke, maar met die naamvasstelling het dit 'n nuwe Kerk geword.⁵⁰⁾

⁴⁶⁾ Hierdie Nederduitsch Hervormde Gemeentes wat onder die Prokurasie-Kommissie die Verenigde Kerk verlaat het, het aanvanklik nie onder dieselfde Kerkverband as die Nederduitsch Hervormde Kerk soos voortgesit deur die Konsulentsgemeente van Pretoria, gestaan nie. In 1894 is hulle egter in dieselfde kerkverband opgeneem. Vir die redes waarom die gemeentes onder die Prokurasie-Kommissie nie dadelik weer by die Nederduitsch Hervormde Kerk soos voortgesit deur die Konsulentsgemeente van Pretoria, aangesluit het nie, sien S. P. Engelbrecht, *Keskiedenis*, blz. 344.

⁴⁷⁾ Sien A. D. W. Wolmarans, a.w., blz 24 en N.H.K. argief, *De Kerk-kwestie, stukke en brieve gepubliseer in De Volkstem van 6 November 1890*.

⁴⁸⁾ So het ook ds. C. W. du Toit gepraat van „voorlopige verenigde Kerk”. A. D. W. Wolmarans, *Kerkhistoriese-Feiten II*, Pretoria, z.j., blz. 53 en 59.

⁴⁹⁾ N.H.K. argief, *Open Brief aan de Lidmaten van de Nederduitsch Hervormde Kerk in de Z.A. Republiek*, 10 Januarie 1891, Gepubliseer in *De Volkstem*, 18 September 1890.

⁵⁰⁾ Sien die *Besluit van die Prokurasie-Kommissie van 30 Augustus 1890*, *De Volkstem*, 18 September 1890.

Daarom het hulle die lidmate wat teen die naamvasstelling ge protesteer het gesien as diegene wat trou wou bly aan die Nederduitsch Hervormde Kerk en wat kragtens Artikel 3 van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van 1869 nog altyd lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerke was.⁵¹⁾ Hier teenoor, so het hulle dit gestel, het die „hoogere kerkbesturen”, wat die naam van die verenigde Kerk as „Ned. Herv of Geref,” vasgestel het in werklikheid afgeskei van die Nederduitsch Hervormde Kerk en het hulle so duidelik blyk daarvan gegee dat hulle nie voldoen het aan hulle roeping om sorg te dra vir die belang van die Nederduitsch Hervormde Kerk nie. Vandaar dat die Prokurasie-Kommissie dit as hulle taak beskou het om die Nederduitsch Hervormde Gemeentes, wat na hulle mening, nog altyd as sodanig bly voortbestaan het binne die voorlopige verenigde Kerk, maar wat nou ontwrig is deurdat hulle Kerkrade hulle verlaat het om by 'n nuwe Kerk aan te sluit, te reorganiseer. Daarom het A. D. W. Wolmarans verklaar:

„Deze kommissie stelde zich ten doel: eerst het gemeente te reorganiseren met de verstandhouding, dat zoodra dit was geschied en kerkeraadsleden behoorlik waren gekozen en bevestigd, dat de Prokuratie-Commissie terug zou treden en het bestuur der gemeente geheel te laten in handen van de Kerkraad.”⁵²⁾

Om die posisie van die Prokurasie-Kommissie binne die Ned. Herv. of Geref Kerk Kerkregtelik te kan beoordeel, moet nou ingegaan word op die geldigheid van die bogenoemde siening van die Kerkvereniging en die verenigde Kerk, deur die Prokurasie-Kommissie. In hierdie verband is die eerste vraag wat beantwoord sal moet word dit:

1. Was die Kerkvereniging van 1885 slegs 'n voorlopige vereniging?

Dat die Prokurasie-Kommissie die Kerkvereniging as voorlopig gesien het, is duidelik. Die volgende aanhaling spreek in hierdie verband vanself:⁵³⁾

„Ten eerste dat wij voorlopig vereenigden . . . Ten tweede dat de Algemene Kerkvergadering van de voorgenomen verenigde Kerk afgeweken is van de neergelegde voorwaarde van

⁵¹⁾ Artikel 3 het as volg gelui: „Deze allen blyven tot de Nederd. Herv. kerk behooren zoolang zij niet door woord of daad ten duidelijkste toonen zich van haar af te scheiden, of zoo lang zij zich der Kerklike gemeenschap niet hebben onwaardig gemaakt.”

⁵²⁾ A. D. W. Wolmarans, **Kerkhistoriese Feiten I**, Blz. 24.

⁵³⁾ N.H.K. argief, **Open Brief**, 10 Januarie 1891.

vereeniging, waardoor de voorlopige en voorwaardelike vereeniging verbroken en vervallen is.”

Dit blyk egter dat by die onderhandelings oor Kerkvereniging en by die finale besluite deur die Algemene Kerkvergaderings van die twee Kerke oor die Kerkvereniging, slegs die toekomstige naam van die verenigde Kerk as iets voorlopigs gesien is. By die onderhandelings en voorbereidings kon die sogenaamde Verenigingskommissies, wat 'n basis vir die Kerkvereniging moes opstel, oor die naam wat die verenigde Kerk sou hê nie eenstemmigheid bereik nie en daarom het hulle die volgende voorstelle aanvaar:⁵⁴⁾

„Daar de twee commissiën op het punt van den naam, dien de verenigde kerk dragen zal, verdeeld blijken te zijn en dus niet tot een resultaat kunnen komen;

„Daar gemelde commissiën op alle fundamentele punten overeengekomen zijn, en het zeer te betreuren zou weze op een formeel punt de gewenschte hereeniging te doen schipbreuk lijden;

„Zoo besluiten de twee commissiën:

- a. De definitieve vasstelling van den naam over te laten aan Synode der Vereenigde kerk, zegge over 3, of 5 of 10 jaren, en voorlopig den naam te houden van Ned. Herv. of Geref. Kerk in de Z.A. Republiek.
- b. Dat intusschen aan de verschillende kerkeraden zal vrijgelaten worden de twee vormen van benaming naar goedvinden te gebruiken, gelijk zulks in de Kaapkolonie gebruikt werd tot aan de Synode van 1842, toen de naam aldaar vastgesteld werd.
- c. Dat de verschillende kerkraden der hereenigde kerk bij bovermelde Synode de stem hunner respective gemeenten zullen voordragen; en
- d. Dat gemelde Synode alsdan zoveel mogelijk overeenkomstig de stemming der gemeenten den naam der hereenigde kerk voor de toekomst officieel vasstelle.

„In het kort is het voorstel dus: de naam van de Kerk zal zijn Ned. Herv. of Ger. Kerk in de Z.A. Republiek.”

Die Algemene Kerkvergaderings van beide deelnemende Kerke het by finalisering van die Kerkvereniging, hierdie voorstelle in sake die naam van die verenigde Kerk netso laat deurgaan. Dus sou die naam van die Verenigde Kerk voorlopig „Ned. Herv. of Geref.” wees, totdat die uiteindelike naam van die Kerk

⁵⁴⁾ Notulen der Verenigde Commissien, bls. 52-53.

deur die Algemene Kerkvergadering van die verenigde Kerk vasgestel sou wees.

Die Kerkvereniging as sodanig is nie as iets voorlopigs gesien nie, maar as finaal, alleen die naam was voorlopig. Dit was dus geen voorlopige Kerkvereniging nie, maar 'n Kerkvereniging waarby twee Kerke verenig het met mekaar om as verenigde Kerk voort te gaan en uiteindelik self die definitiewe naam vas te stel terwyl tot op daardie tydstip gebruik gemaak sou word van 'n voorlopige naam wat deur die twee verenigende Kerke daaraan toegeken was.

Dit kan wel betoog word dat die Algemene Kerkvergadering van die verenigde Kerk in 1889 huis op hierdie punt, by die naamgewing van die Kerk, afgewyk het van die grondslae van 1882, aangesien daar nie gekies is tussen die name „**Nederduits Hervormd**“ en „**Nederduits Gereformeerd**“ nie, maar die voorlopige naam naamlik „Nederduits Hervormd of Gereformeerd“ vasgestel is. Ds. N. J. van Warmelo, Skriba van die Algemene Kerkvergadering van die verenigde Kerk en vroeër ook Skriba van die Verenigingskommissies, het dit baie sterk beklemtoon dat daar slegs tussen die twee name Nederduitsch Hervormd en Nederduits Gereformeerd gekies moes word omdat dit die oorspronklike bedoeling van die Verenigingskommissies met hulle voorstel was.⁵⁵⁾ Tog is daarvan afgewyk en is daar intussen nie minder nie as tussen veertien name gestem.⁵⁶⁾ Dit, nie alleen omdat op die Algemene Kerkvergadering van die verenigde Kerk deur sommige persone gesê is dat die grondslae van 1882 geen wet van Mede en Perse was nie,⁵⁷⁾ maar ook omdat hierdie voorstelle in verband met die naam van die verenigde Kerk vatbaar is vir 'n ander uitleg as dié van ds. Van Warmelo en sy medestanders. So het ds. H. L. Neethling, wat voorsitter van die Vereenigingskommissie, van hierdie besluite oor die naam van

⁵⁵⁾ Ds. Van Warmelo het onder ander gesê: „Ik verklaar plechtig, dat die bedoeling was, dat één van die twee oude namen zou moeten genomen worden en geen derde.“ — **Notulen Algemene Kerkvergadering, Ned. Herv. of Geref. Kerk, Mei 1888**, blz. 69-70. Sien ook G. D. Scholtz, a.w., blz. 30.

⁵⁶⁾ Sien S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**, bls. 290. Ook ds. C. W. du Toit was hierdie mening toegedaan en hy het by vasstelling van die naam „Ned. Herv. of Geref.“ sy teenstem laat aantekenveral omdat hy dit gesien het as afwyking van die oorspronklike ooreenkoms. **Notulen Algemene Kerkvergadering, Ned. Herv. of Geref. Kerk**, blz. 71.

⁵⁷⁾ Die woorde is gebesig deur ds. J. H. Martins van Johannesburg op die Algemene Kerkvergadering van die verenigde Kerk van Mei 1888. Vgl. ook S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**, bls. 329.

die verenigde Kerk so uitgelê dat daar nie net tussen die twee name gekies hoef te word nie.⁵⁸⁾

Vir hierdie vaagheid en onduidelikheid in verband met die naam van die Verenigde Kerk moet sowel die Verenigingskommissie as die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk self die blaam dra. Want deur die aanvaarding van die reeds genoemde voorstelle in verband met die naam van die verenigde Kerk het hulle afgewyk van een van hulle eie voorwaardes naamlik dat die naam van die Kerk nie verander sal word nie maar Nederduitsch Hervormd sou wees.⁵⁹⁾

Hoewel dus betoog kan word dat, deur stemming vir meer as die twee name Nederduitsch Hervormd en Nederduits Gereformeer, van die grondslae van 1882 afgewyk is en daarom „elk lid het recht had zich van die conditionele vereniging te onttrekken”,⁶⁰⁾ kon egter netso goed betoog word dat na die „letter” van die besluit, tussen meer as een naam gestem kon word en die Algemene Kerkvergadering dus volkome die reg gehad het om die naam van die verenigde Kerk vas te stel as „Ned. Herv. of Geref.”⁶¹⁾

Die bewering dat dit 'n voorlopige vereniging was wat ongedaan gemaak is deur afwyking van die grondslae, terwyl die grondslae vir tweërlei uitleg vatbaar is, en inderdaad ook verskillend vertolk is, is dus aanvegbaar. Hierteenoor staan dat by die onderhandelinge en finalisering van die Kerkvereniging slegs die naam van die verenigde Kerk voorlopig vasgestel is, maar nie die vereniging as sodanig nie.⁶²⁾

2. 'n Tweede vraag wat beantwoord moet word is of die verenigde Kerk 'n totaal nuwe Kerk was:

Die Prokurasie-Kommissie het dit so verstaan dat die ver-

⁵⁸⁾ G. D. Scholtz, a.w., bls. 28. Regter Morice het in die Trichardtsfontein Kerksaak gestel dat na sy mening met die naamvasstelling nie afgewyk is van die grondslae van 1882 nie. Sien J. B. M. Hertzog, Rapporten van Zaken beslist door het Hoog Gerechtshof der Z.A. Republiek 1893, Leiden 1897, blz. 101.

⁵⁹⁾ S. P. Engelbrecht, Geskiedenis, bls. 290.

⁶⁰⁾ A. D. W. Wolmarans, Kerkhistoriese Feiten I, blz. 17.

⁶¹⁾ Dit was byvoorbeeld die standpunt van die Kommissie wat in 1890 rapport moes doen aan die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. of Geref. Kerk oor die Proteste wat ontvang is oor die naamvasstelling. Die rapport is so deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar. Notulen Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Mei 1890, blz. 110-114.

⁶²⁾ In ds. Van Warmelo se toespraak wat hy voor die Algemene Kerkvergadering van die Verenigde Kerk in 1888 oor die naam van die Kerk, gehou het, het hy onder andere ook die volgende gesê: „Mijn antwoord is dus dat het die bedoeling van die kommissie was, dat die vereniging langzamerhand onder die gemeenten zou inwerken. Dat dan die naam geen struikelblok meer sou zijn.” Na aanleiding van hierdie opmerking kan wel betoog word dat die Verenigingskommissies nie die Kerkvereniging as iets voorlopigs gesien het nie.

enige Kerk 'n voortsetting was van die twee deelnemende Kerke tot op die stadium dat die naam vasgestel is as „Nederduits Hervormd of Gereformeerd.” Deur hierdie stap het die Algemene Kerkvergadering van die verenigde Kerk 'n nuwe Kerk met 'n nuwe naam en nuwe wette tot stand gebring, waartoe die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Gemeentes geen magtiging of mandaat gegee het nie. Die volgende aanhaling spreek baie duidelik in hierdie verband:⁶³⁾

„Oorwegende, dat de Alg. Kerkvergadering der gezegde Ned. Herv. of Geref. Kerk, na het daarstelling ener nieuwe kerklike korporatie met een nieuwe naam en nieuwe wetten . . . Overwegende, dat de lidmaten den Ned. Herv. Gemeenten geen machtigen of mandaat daartoe hebben gegeven . . .”

Wat egter oorweeg moet word is of die twee deelnemende Kerke se bestaan as afsonderlike selfstandige Kerke nie deur die vereniging opgehef is nie, sodat die verenigde Kerk dus reeds vanaf sy geboortedatum⁶⁴⁾ 'n totaal nuwe Kerk was.

Die Nederduits Gereformeerde Kerk het reeds by die onderhandelinge in verband met Kerkvereniging baie duidelik laat blyk dat hulle die verenigde Kerk wat tot stand sou kom, gesien het as 'n heeltemal nuwe Kerk. Hierteenoor het die Nederduitsch Hervormde Kerk die verenigde Kerk gesien as 'n voortsetting van die twee verenigde Kerke en dat die predikante daarom nie eers weer die kerkleer moes onderteken om tot die verenigde Kerk toegelaat te word nie.⁶⁵⁾

Hierdie verskil in siening van die resultaat van die Kerkvereniging deur die twee Kerke blyk dan veral juis by die kwessie van legitimasie. Die Nederduits Gereformeerde Kerk wat die verenigde Kerk as 'n nuwe Kerk gesien het, het aangedring daarop „dat ook de thans bestaande leraren bij de Vereniging de bewijzen inleveren van hun legitimatie, dewyl de Verenigde Kerk een nieuw lichaam is.”⁶⁶⁾

Die legitimasieakte wat verlang is was 'n geldige legitimasieakte van die Kaapse Kerk.⁶⁷⁾

Hiervoor was die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk nie te vind nie, want dit sou nie alleen beteken dat hy sy standpunt dat die verenigde Kerk geen

⁶³⁾ Sien A. D. W. Wolmarans, **Kerkhistoriese Feiten I**, blz. 27.

⁶⁴⁾ 7 Desember 1885 moet gesien word as die geboortedatum van die verenigde Kerk. S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**,

⁶⁵⁾ S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**, bls. 300.

⁶⁶⁾ A. D. W. Wolmarans, **Kerkhistoriese Felten II**, blz 61.

⁶⁷⁾ S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**, bls. 298.

nuwe Kerk was sou moes prysgee nie, maar ook sou dit twee van sy predikante ernstig in gedrang bring.⁶⁸⁾

Toe dit egter geblyk het dat die aandrang op 'n geldige Kaapse legitimasieakte die Kerkvereniging kon laat skipbreuk ly, was die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Gereformeerde Kerk bereid om „om den Wil der Vereniging” nie aan te dring op 'n Kaapse legitimasieakte vir die diensdoende predikante nie, maar wel vir die aankomende predikante, terwyl al die predikante van die twee Kerke die ondertekeningsformulier van die verenigde Kerk moes onderteken.⁶⁹⁾

Hoewel die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk nog nie heeltemal tevrede was nie, is hierdie voorstelle tog deur 'n soort kompromis aanvaar, toe besluit is dat ondertekening van die nuwe ondertekeningsformulier deur die diensdoende predikante nie verpligtend was nie, maar tog het die Vergadering geen beswaar daarteen dat hulle dit wel teken nie.⁷⁰⁾ Deur hierdie besluit het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in werklikheid afgewyk van twee van sy eie voorwaardes naamlik om op geen wyse onderdanig te wees aan die Kaapse Kerk nie,⁷¹⁾ asook dat die verenigde Kerk geen nuwe Kerk sou wees nie. Veral die besluit in verband met die ondertekeningsformulier is so uitgelê dat die Nederduitsch Hervormde Kerk, netsoos die Nederduits Gereformeerde Kerk, met die Kerkvereniging opgehef is en die verenigde Kerk dus 'n totaal nuwe Kerk was.⁷²⁾ In werklikheid het dit dus beteken dat met hierdie besluit die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk die Nederduitsch Hervormde Kerk opgehef is, hoewel hulle dit aanvanklik nie so ingesien het nie.

Dat die verenigde Kerk wel 'n totaal nuwe Kerk was blyk ook uit die hofsaak van 1893 oor die Kerklike eiendomme van die Nederduitsch Hervormde gemeente Trichardsfontein. In sy uitspraak het Hoofregter Kotzé dit ook so gestel:⁷³⁾

⁶⁸⁾ Naamlik Di. G. W. Smits en N. J. van Warmelo. Ds. G. W. Smits se legitimasie aan die Kaap is in 1863 teruggetrek terwyl ds. Van Warmelo nooit daar gelegitimeer is nie. Sien S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 293.

⁶⁹⁾ S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 299.

⁷⁰⁾ S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 301.

⁷¹⁾ In die tweede van die drie wenke wat aan die Verenigingskommissie van die Ned. Herv. Kerk gegee is, is gestel „dat men los moet zijn aan het gezag der Synode van de Ned. Geref. Kerk in de Kaapkolonie.” Deur 'n Kaapse legitimasieakte te verlang, het die verenigde Kerk dus 'n sekere sin tog onderdanig geword aan die Kaapse Kerk.

⁷²⁾ Die vraag ontstaan of die ouderlinge en diaakens nie ook weer opnuut bevestig moes word in hulle ampte nie. Vgl. S. J. Botha, *a.w.*, bls. 8, voetnoot 64.

⁷³⁾ J. B. M. Hertzog, *a.w.*, blz. 98.

„De twee afzonderlike corporatiën, t.w. de Hervormde Gemeente en de Gereformeerde Gemeente, besloten in 1885 hun bestaan als zoodanig te eindigen en te zamen eene andere en nieuwe corporatie of lichaam te stichten.”

Juis hier egter het die Algemene Kerkvergaderings van beide Kerke hulle gesag totaal oorskry deurdat hulle nie die toestemming of inwilliging van **elke** lidmaat gehad het nie. Daarom het Hoofregter Kotzé verklaar:⁷⁴⁾

„... doch wanneer de meerderheid ertoe overgaat de Corporatie of het Kerkgenootschap per besluit te eindigen door deze met een ander genootschap te vereenigen, en alzoo eene nieuwe corporatie tot stand te brengen, zoo treedt sulk eene meerderheid buiten de grenzen harer bevoegdheid; zij handeld alsdan **Ultra vires.**”

Verder moet nog gewys word op die beëdigde verklaring wat ds. H. S. Bosman in 1894 afgelê het. Daarin het hy onder andere gesê:

„Door de vereniging voormeld hebben beide de Nederduitsch Hervormde Kerk en de Nederduits Gerefmeerde Kerk als aparte lichamen of rechtspersonen opgehouden te bestaan.”⁷⁵⁾

Uit voorgaande is dit duidelik dat die verenigde Kerk vanaf die oomblik dat die eerste Algemene Kerkvergadering op 7 Desember 1885 gekonstitueer is, 'n nuwe Kerk was en nie eers vanaf 1887 toe die naam vasgestel is as „Ned. Herv. of Geref.” nie.⁷⁶⁾ Dit is ook duidelik dat dit nie die Algemene Kerkvergadering van die verenigde Kerk was wat die verenigde Kerk 'n nuwe Kerk gemaak het deur die vasstelling van die naam as „Nederduits Herv. of Geref.” nie, maar dat die verwyt aan die deur van die twee Algemene Kerkvergaderings van die twee verenigde Kerke gelê kon word wat per besluit die bestaan van die twee Kerke opgehef het.⁷⁷⁾

Die feit dat die verenigde Kerk van die begin af 'n nuwe Kerk was het egter belangrike konsekvensies naamlik:

- a. Dat die afsonderlike bestaan van die twee Kerke deur die Kerkvereniging opgehef is, beteken dat die vereniging final was en nie slegs voorlopig nie. Die deelnemers kon hulle dus nie sommer weer onttrek uit die vereniging nie.
- b. Die lidmate van die onderskeie Kerke wat met die Kerkver-

⁷⁴⁾ J. B. M. Hertzog, a.w., blz. 98.

⁷⁵⁾ Aangehaal by S. P. Engelbrecht, **Keskiedenis**, bls. 301, noot 1.

⁷⁶⁾ S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**, bls. 301.

⁷⁷⁾ J. B. M. Hertzog, a.w., blz. 98. Kerkregtelik gesproke het die Sinode nie reg om sonder toestemming van die gemeentes tot 'n nuwe Kerkverband oor te gaan en die bestaande Kerkverband op te hef nie. Sien H. G. Kleyn, **Algemene Kerk en Plaatselijke Gemeente**, Dordrecht 1888, blz. 25.

eniging meegegaan het, het dus lidmate van 'n Nuwe Kerk geword en so opgehou om lidmate van die deelnemende Kerke te wees.

- c. Hierteenoor het lidmate wat buite die Kerkvereniging gebly het en so die besluit van die Algemene Kerkvergaderings, om die verenigende Kerke op te hef, verwerp het, lidmate van die oorspronklike Kerke gebly.⁷⁸⁾ Hulle kan dan wel die argument gebruik dat die Kerkbestuur van hulle afgeskei het terwyl hulle trou wou bly aan hulle Kerk. Limate wat wel verenig het, het die reg egter verbeur om so 'n argument te kon gebruik, omdat hulle self nie meer lidmate van die twee verenigende Kerke was nie.⁷⁹⁾ Trouens, die verwyt van ontrou teenoor hulle oorspronklike Kerke kan selfs aan hulle deur gelê word.
- d. Ook die aanspraak op die Kerklike eiendomme het in die gedrang gekom deurdat die verenigde Kerk 'n nuwe Kerk was. In die Presbiteriaal-Sinodale vorm van Kerkregering wat in die Calvinistiese Kerke gevolg word, het elke plaaslike gemeente oor sekere sake alleen seggenskap, soos onder andere oor die gemeentelike eiendomme.⁸⁰⁾

Alleen die gemeente kan dus toestemming verleen tot vreemding van die eiendomme. In verband met die Kerkvereniging beteken dit dat 'n gemeente in sy geheel moes verenig en uitdruklike toestemming tot oordrag van die eiendomme moes verleent om sy aanspraak op die kerklike eiendomme te kon behou. Indien in 'n gemeente net 'n paar of selfs net een lidmaat nie verenig het nie, dan was daardie lidmate of lidmaat die wettige voortsetting van die oorspronklike gemeente en dus ook die wettige eienaar van die gemeentelike eiendomme wat op naam van die oorspronklike gemeente getransporteer staan.⁸¹⁾ Verder kon diegene, wat eers verenig het en daarna uitgetree het, nie meer aanspraak maak op eiendomme wat aan die oorspronklike gemeentes behoort het nie.⁸²⁾

Daarom is dit dan nou belangrik om 'n antwoord te vind op 'n derde vraag naamlik:

⁷⁸⁾ J. B. M. Hertzog, a.w., blz. 97-98. „Het is duidelijk, dat indien er ten tijde der voltrekking der vereniging in 1885, enige leden of ledematen der Nederduitsch Hervormde Gemeente waren die niet tot de vereniging zijn toegetreden of later ertoe hebben ingewilligd, zoodanige ledematen of leden beschouwd moeten worden als zijnde Hervormd gebleven, . . . en dus als gerechtigd tot den eigendom . . .”

⁷⁹⁾ J. B. M. Hertzog, a.w., blz. 99.

⁸⁰⁾ H. G. Kleyn, a.w., blz. 18-19.

⁸¹⁾ J. B. M. Hertzog, a.w., blz. 98.

⁸²⁾ J. B. M. Hertzog, a.w., bls. 99.

3. Het die lede van die Prokurasie-Kommissie en die lidmate wat die Prokurasies geteken het, wel verenig?

Die Prokurasie-Kommissie het hulself asook hulle lasgewers beskou as steeds behorende tot die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit blyk baie duidelik uit die aanhef van die Prokurasies, waar die ondertekenaars genoem word „Kerkeraden en Leden der Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek”, asook uit die verklaring van die Prokurasie-Kommissie dat die ondertekenaars van die Prokurasie nog altyd lidmate was van die Nederduitsch Hervormde Kerk volgens artikel 3 van die Nederduitsch Hervormde Kerkwet van 1867⁸³). Vandaar dat hulle in die Prokurasies ook aanspraak gemaak het op die eiendomme van die Nederduitsch Hervormde Kerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek en huis daarom dan die Prokurasie-Kommissie opdrag en volmag gegee het om hulle regte en aansprake ten opsigte van die eiendomme te beskerm.

Terselfdertyd is dit egter ook duidelik dat hulle wel met die Kerkvereniging meegegaan het en dit blyk ook uit die Prokurasie-Self. Hulle gee baie duidelik aan die Prokurasie-Kommissie volmag om:

„en verder onze rechten en belangen te behartigen in en aangaande de Vereniging der Ned. Herv. Kerk en Ned. Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afr. Republiek, en alle zoodanige stappen te nemen, zoowel in als buiten de Hoven dezer Republiek indien vereischt gezegde vereening te ontbinden of ter zijde te zetten . . . ”

Indien hulle nie met die Kerkvereniging meegegaan het nie, sou hulle moeilik 'n Kommissie kon benoem om hulle regte en belang „in en aangaande” die vereniging te behartig, en om, indien vereis, deur hofbeslissings, die vereniging ongedaan te kry.⁸⁴⁾ Elkeen wat die Prokurasies geteken het, het dus as dit ware self erken dat hulle verenig het en lede was van die verenigde Kerk, hetsy dit slegs as voorlopig gesien is of nie.

Verder moet in aanmerking geneem word dat tale van die lede van die Prokurasie-Kommissie self en van die onderteke-

⁸³⁾ N.H.K. argief, **Notulen Procuratie-Commissie**, De Volkstem 18 September 1890. Vgl. hier ook die „Memorie” van die Prokurasie-Kommissie aan die regering van die Z.A.R. in verband met die Kerkvereniging, artikel 2 — De Volkstem 18 Januarie 1891.

⁸⁴⁾ Hulle het dus wel verenig en nou gee hulle opdrag aan die Prokurasie-Kommissie om die nodige stappe te neem om die vereniging te ontbind en sodat hulle uit die vereniging kon uittree.

naars⁸⁵) van die Prokurasies wel Kerkraadslede van die verenigde Kerk was. Kerkraadslede van die verenigde Kerk kon hulle nie wees tensy hulle nie wel verenig het nie.⁸⁶)

Hieruit volg nou dat die Prokurasie-Kommissie, sowel as hulle lasgewers, deur te verenig, lidmate geword het van die verenigde Kerk en daarmee het hulle hul lidmaatskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk prysgegee, want die vereniging was nie slegs 'n voorlopige vereniging nie en die verenigde Kerk was van die begin af 'n nuwe Kerk wat tot stand gekom het deurdat en nadat die twee verenigende Kerke se afsonderlike bestaan opgehef is. Die Prokurasie-Kommissie en hulle lasgewers was dus nie meer lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek nie, maar wel van die verenigde Kerk waarvan die naam in 1889 vasgestel is as „Nederduits Hervormde of Gereformeerde.”

Die Konsekvensies wat nou hieruit getrek kan word is die volgende:

- a. Die Prokurasie-Kommissie en hulle lasgewers het ten onregte aanspraak gemaak daarop dat hulle nog lidmate was van die Nederduitsch Hervormde Kerk, want hulle het verenig en daarmee lidmate van 'n ander Kerk geword.
- b. Omdat hulle nie meer lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk was nie, het hulle dus ook nie meer aanspraak gehad op eiendomme wat aan die Nederduitsch Hervormde Kerk behoort het nie.⁸⁷) Daarom kon hulle nie die opdrag gee aan 'n kommissie om namens hulle aanspraak te maak op die Kerklike eiendomme wat op naam van die Nederduitsch Hervormde Kerk getransporteer was nie en daarom het die Prokurasie-Kommise ook nie die reg gehad om namens hulle lasgewers aanspraak te maak op die genoemde eiendomme nie.

⁸⁵) So was o.a. N. M. S. Prinsloo en M. J. Wolmarans ouerlinge en A. D. W. Wolmarans en G. J. Engelbrecht diakens in die Verenigde Kerk. Sien S. P. Engelbrecht, Geschiedenis bls. 327. Notulen Algemene Kerkvergadering Ned. Herv. of Geref. Kerk, Mei 1886, Blz. 3. Vgl. ook Notule van die Kerkraadsvergadering van die Ned. Geref. Gemeente, Pienaarsrivier, 11 Mei 1885.

⁸⁶) Hulle kon alleen Kerkraadslede van die verenigde Kerk wees indien hulle tevore kerkraadslede in die Ned. Herv. Kerk was en toe verenig het en as sodanig in die verenigde Kerk erken is of as hulle as lede van die verenigde Kerk tot Kerkraadslede verkies is.

⁸⁷) Ook die feit dat hulle wel uitgetree het uit die Verenigde Kerk, gee hulle nog nie reg op eiendomme wat op naam van die Ned. Herv. Gemeente getransporteer was nie. So het Hoofregter Kotzé gestel: „Het feit dat vele leden der Hervormde Kerk eerst met de vereening zijn medegegaan en later zich daarvan hebben onttrokken, geeft hen natuurlik, als zoodanig, geen recht den eigendom aan en 't bezit van de geschenken grond . . .” J. B. M. Hertzog, a.w., bls. 99.

c. Deur te verenig het hulle lidmate geword van 'n ander Kerk en het dus onder die Kerkverband van hierdie Kerk te staan gekom. Nou kon hulle nie sondermeer weer die Kerkverband verlaat sonder om gevaar te loop om skeurmakers te wees nie.

Daar moet dus nou nog 'n vierde vraag beantwoord word naamlik:

4. Is die optrede van die Prokurasie-Kommissie om hulle lasgewers uit die Kerkverband van dié Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk uit te lei Kerkregtelik Regverdigbaar?

Die Kerkverband neem in die Presbiteriaal-Sinodale vorm van Kerkregering 'n baie belangrike plek in.⁸⁸⁾ Volgens hierdie stelsel staan die onderskeie plaaslike gemeentes nie los van mekaar nie, maar staan hulle in 'n bepaalde verband tot mekaar en vorm hulle tesame die Kerk.⁸⁹⁾ Solank as hierdie Kerk aan die merktekens van die ware Kerk voldoen, mag niemand hom daarvan afskei nie.⁹⁰⁾ Wie dit wel doen is 'n skeurmaker. Alleen as onteenseglik bewys kan word dat die Kerk 'n valse Kerk en 'n Kerkverwoestende verband is, kan wel uit die Kerk uitgetree word.⁹¹⁾ In so 'n geval kan 'n kerkraad byvoorbeeld met toestemming van elke lid van die gemeente, die gemeente wel uit die Kerkverband uitlei.⁹²⁾

Word die optrede van die Prokurasie-Kommissie nou aan hierdie beginsels gemeet, dan blyk die volgende duidelik:

Gesien die feit dat die Prokurasie-Kommissie en hulle lasgewers lidmate was van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, soos reeds aangetoon, kon hulle alleen die Kerkverband met dié Kerk verbreek indien hulle kon bewys dat dit 'n valse Kerk was of 'n Kerkverwoestende verband. By al die argumente wat wel gebruik is en as redes aangevoer is waarom die vereniging as vervalle verklaar is, was 'n „valse Kerk“ of 'n

⁸⁸⁾ Vgl. H. G. Kleyn, a.w., bls. 16-20, S. P. Engelbrecht, *Neo-Calvinisme, ontwikkeling en afwyking*, Pretoria-Kaapstad, 1945, bls. 20 v.v. en 66 v.v., F. E. o'B. Geldenhuys, *Die Regsposisie van Kerkraad, Ring van Sinode*, bls. 142-167 en G. P. L. van der Linde, *Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregstelsel*, Potchefstroom 1965, bls. 116-156.

⁸⁹⁾ G. P. L. van der Linde, a.w., bls. 16.

⁹⁰⁾ Volgens die Ned. Geloofsbelofte is die merktekens van die ware Kerk: die swiere verkondiging van die Woord, die regte gebruik van die sakramente en die regte toepassing van die tug. En volgens artikel 28 is elkeen verplig om hom by hierdie ware Kerk te voeg en nie daarvan af te skei nie.

⁹¹⁾ H. G. Kleyn, a.w., blz. 25-28.

⁹²⁾ H. G. Kleyn, a.w., blz. 29 en F. E. O'B. Geldenhuys, a.w., bls. 157 v.v.

„Kerkverwoestende verband” nooit ter sprake nie. Verder was die Prokurasie-Kommissie ook geen Kerkraad nie.⁹³⁾

Tog het daar gemeentes buite die Kerkverband onder leiding van die Prokurasie-Kommissie tot stand gekom, en dit kan nie anders gesien word as afskeidings of skeurings nie.

Dit is dus duidelik dat die posisie en optrede van die Prokurasie-Kommissie nie kerkregtelik regverdigbaar is in die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk nie. Die optrede van die Prokurasie-Kommissie kan gesien word as nog 'n voorbeeld van hoe „argeloos die vadere oor die kerkregtelike aspekte van hulle optrede gedink het.”⁹⁴⁾ Daar kan egter na meer voorbeelde verwys word waarvan die belangrikste, in hierdie verband, die onkerkregtelike optrede van die Algemene Kerkvergaderings van die twee verenigende Kerke is, wat gemeen het dat hulle sonder die uitdruklike toestemming van die gemeentes die Kerkvereniging kon aangaan.⁹⁵⁾ Daarom is dit seker geregtig om te stel:

„Die kennis van die basiese Kerkregtelike beginsels wat in 'n reformatoriële Kerk verwag kan word, het ten eue male ontbreek.⁹⁶⁾

Hoewel dit duidelik is dat die posisie van die Prokurasie-Kommissie, Kerkregtelik gesien, nie regverdigbaar is nie, moet die volgende sake egter in hierdie verband oorweeg word:

1. Met die Kerkvereniging en alles wat daarmee saamgegaan het, is die vadere gekonfronteer met 'n kerkregtelike situasie wat geen spesifieke analogie in die geskiedenis gehad het nie. Daarby was daar ook geen Teologiese opleidingsentrum vir die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek en feitlik geen moontlikheid om die saak teologies-kerkregtelik vir hulself uit te maak nie. Behoorlike studiemiddelle en bronne vir bestudering van die Kerkreg het ontbreek.

2. Die Metodistiese koers en die sterk oriëntering op die Engelstalige kulturele wêreld aan die Kaapkolonie in die verenigde Kerk moes vanselfsprekend daartoe lei dat die „Hervormde

⁹³⁾ Hoewel hulle toestemming van die gemeente moet hê, kan alleen die wettige Kerkraad die nodige stappe neem om die Kerkverband te verbreek in geval die Kerk 'n dwalende Kerk was. Sien bv. F. E. o'B. Geldenhuys, a.w., bls. 159. Vir die besware wat die Prokurasie-Kommissie teen die Kerkvereniging aangevoer het, sien S. P. Engelbrecht, *Kerkgeschiedenis*, bls. 345-346.

⁹⁴⁾ A. D. Pont, *Die Vestiging van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1853 en die eerste afskeiding van Lydenburg in 1954, Kerkregtelike implikasies*, Artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, jaargang 20, Afd. 3 en 4, bls. 161.

⁹⁵⁾ Vandaar dat by toetsing in die hof uitspraak gegee is dat die Kerkvereniging Ultra Vires was. Vgl. S. J. Botha, a.w., bls. 14, asook H. G. Kleyn, a.w., blz. 25 vv.

⁹⁶⁾ A. D. Pont, *Vestiging van die Ned. Herv. Kerk in 1853*, bls. 161.

lede” in die verenigde Kerk, wat anders oor hierdie sake gedink het⁹⁷) en wat daarmee ontevrede was, iets sou doen en dit sou doen met die middele tot hulle beskikking. Juis daarom het die Prokurasie-Kommissie tot stand gekom.

3. Hoewel die Prokurasie-Kommissie dus kerkregtelik nie ’n basis het nie, moet die vraag oorweeg word of die formele argument, naamlik kerkreg, as enigste argument in die situasie gegeld het en of die materiële argumente, naamlik dogmaties (contra Metodisme) en staatkundig-kultureel (contra Engelse invloed), nie van netso groot gewig geag moet word nie. Hieraan sal ’n verdere studie gewy moet word.

⁹⁷) Sien S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis*, bls. 327. Hoedat die Hervormde Kerk oor die staatkundig-kulturele taak van die Kerk gedink het, blyk duidelik op die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk van 1888 waar gestel is dat die Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek die waarborg moet wees van die staat-kundige onafhanklikheid van die Republiek. Die oorgrote meerderheid van die lidmate van die Hervormde Kerk wat wel verenig het, het hierdie selfde oortuiging gehad, Vgl. A. D. Pont, *Ds. M. J. Goddefroy, 1848-1920. ’n Skets van sy lewe en betekenis*, artikel in Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspruit 1869-1969, Krugersdorp 1969, bls. 151 vv. asook N.H.K. argief, *Notulen der Algemene Vergadering van de Nederduitsch Hervormde Kerk 1888*, Pretoria 1888, blz. 7, 24 ens.